NHKA | blitspos
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Jaargang 18 – Uitgawe 40 | 23 Oktober 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Klaar besluit, nou begin die werk....

**Die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) het van 6 tot 10 Oktober 2025 plaasgevind. Daar is gepraat, en soms nog meer gepraat. Deurgaans was die vraag: *Is ons besig met dinge wat die bediening in die gemeentes raak, aanspreek en bevorder?* Sinvolle bediening en effektiewe gemeentewees was die inhoud en bedoeling van elke gesprek en besluit. Twee en vyftig beskrywingspunte het tydens die vergadering gedien. Oor 50 beskrywingspunte is met of sonder amendemente gestem en besluite is geneem. Die besluite het meestal ten doel om die bediening in gemeentes te stimuleer en by te dra tot die welwees van predikante, kerkraadslede en lidmate. Twee sake is verwys en moet verder ondersoek en toegelig word. Hierdie sake is die deelname van kinders aan die nagmaal en die wyse waarop sinodale bydraes van gemeentes bereken word.**

Nuwe kerklike leiding is verkies en die volgende drie jaar tot 2028 lê uitdagend voor. Wat moet anders gedoen word? Wat ***anders*** moet gedoen word? Waarmee kan ons aanhou? Byna tergende vrae wat in die beplanning van die nuutverkose Kommissielede en verskillende rade en komitees aandag moet kry.

Die boodskap van die openingserediens uit Markus 1 was: *Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.* Deur die loop van die vergadering is telkens verwys na die koninkryk van God en die werksaamhede van die gemeentes en die Kerk. Met die afsluiting is die beeld van die pottebakker in Jeremia 18 gebruik om iets te probeer sê van die gemeentes wat ook soos klei in die hande van die Pottebakker is. God is durend besig om die kerk te vorm om te wees wat Hy die kerk gemaak het – die liggaam van Christus. Met hierdie doel roep God dienaars en rus Hy hulle toe met gawes. Ons weet die koninkryk van God het naby gekom – die Bybel leer ons dit. Ons glo die koninkryk van God kom steeds – ons bid en bely dit. Ons weet nie hoeveel tyd ons op hande het nie – God weet dit. Voor ons lê die uitdaging: *Bekeer julle en glo die evangelie.*

Hierdie opdrag is nie ***alleenlik*** *vir* die Kommissie se werk nie. Hierdie opdrag kan nie ***alleenlik*** aan die ringskommissies oorgelaat word nie. Hierdie opdrag is nie ***alleenlik*** die predikant en kerkraadslede se verantwoordelikheid nie. Die Woord van die Here is ook gerig tot ***elke*** gemeente en lidmaat. Ons moet na mekaar omsien en in elke stuk beplanning en uitvoering daarvan vra: *Dien dit die verkondiging van die evangelie van die koninkryk van God?* Die gemeentes van die Kerk sal na mekaar moet omsien want die uitdagings is baie en groot. Ewe so is die geleenthede die wonderlike belewenis van God se voorsienigheid. Ons sal moet vra waarmee ons besig is en of dit inderdaad die saak van die koninkryk van God dien.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gaan in hul beplanning, soekend na die wil van die Here die saak van die koninkryk van God ten beste dien. In die werksaamhede van die Kommissie kan ons die Russiese spreuk ook onthou: *Bid gedurig tot God, maar hou aan roei tot by die wal*. Die optrede van Paulus en Barnabas na afloop van die vergadering in Jerusalem in Handelinge 15: 35 (AFR2020) sal ons baie goed pas: *...en saam met baie ander onderrig gegee en die woord van die Here verkondig.*

Ons het klaar vergader, nou gaan ons werk!

**Ds Leon Geel (sr)**
**(Voorsitter van die Kommissie van die AKV)**

# Lief en leed



Dr Daan van Wyk (sr)

- **Dr Daan van Wyk (sr) (emeritus)** is Vrydag 17 Oktober oorlede. Dr van Wyk (sr) was 'n voormalige voorsitter van die AKV, redakteur van *Die Hervormer* en dosent aan die Universiteit van Pretoria. Die Kerk betuig simpatie met dr Daan van Wyk (jr) (Van der Hoff) en die res van sy familie en dra hulle op in gebed. Dr van Wyk (sr) se troosdiens vind Vrydag 24 Oktober vanuit Gemeente Pretoria-Oos plaas.



Ds Gert van Staden

- **Ds Gert van Staden (emeritus)** is die afgelope week met gevorderde kanker gediagnoseer en word tuis versorg. Die Kerk vra vir voorbidding vir hom en sy familie in hierdie moeilike tyd. Die familie spreek hul dank uit vir almal se meelewing en gebede.

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

  - Saterdag 25 Oktober: Ds CG (Chris) Liebenberg (Hawke's Bay)
  - Sondag 26 Oktober: Dr JR (Robert) van Niekerk (dosent),<br>di HSK (Hennie) Nel (Potgietersrus), en<br>GSC (Skip) Scheepers (emeritus)
  - Maandag 27 Oktober: Di KF (Kathleen) Smith (Kaapstad), en<br>PM (Pieter) Smith (emeritus)
  - Dinsdag 28 Oktober: Ds CEC (Colin) Hertzog (Middelburg-Noord)
  - Donderdag 30 Oktober: Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger (nie-diensdoende predikant),<br>di WH (Wilhelm) Steyn (emeritus), en<br>WF (Werner) Venter (Schoemansdal)

# Gemeentes en bediening



Prop Carien Janeke

- **Prop C (Carien) Janeke (beroepafwagtend)** het 'n beroep na Glencoe/Newcastle (deeltyds) ontvang. Sy het die beroep aanvaar en word 4 Januarie bevestig.

- **Prof T (Tanya) van Wyk (dosent)** het 'n beroep ontvang na die Nederlandssprekende Gemeente (deeltyds). Sy het die beroep aanvaar.

- **Ds KF (Kathleen) Smith** (Kaapstad) het 'n beroep na Gemeente Kaapstad (deeltyds) ontvang. Sy emeriteer op 31 Oktober.



Prof Tanya van Wyk

- **Gemeente Potchefstroom-Suid** vier op **26 Oktober hul 70ste bestaansjaar.** Alle belangstellendes is baie welkom om te kom deel in hierdie geleentheid. Die erediens begin om 11:00 by die kerkgebou op die hoek van Kock en Chris Hanistraat. Verversings sal na die diens in die kerksaal aangebied word en daar is geleentheid om saam te kuier. Die tema van ***Dankbaarheid*** sluit mooi aan by die Oktober-eredienste van die gemeente.

- Op DV **9 November** vier **Gemeente Rustenburg-Suid 60 jaar sedert die kerkgebou** op 7 November 1965 **ingewy is**. Graag nooi ons oudlidmate om saam in die feesviering te kom deel. Dit sal noodsaaklik wees dat u **vir die ete bespreek**. Kontak Miemie van die kerkkantoor by 082 889 9183. **RSVP teen 26 Oktober**.



Ds Kathleen Smith

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 27 Oktober** bereik **vir 6 en 7 November** se vergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Die **MRCC** het tydens hul onlangse AKV die volgende lede tot die **Moderamen** verkies:
  - Moderator: Dr Rivombo
  - Visemoderator: Ds Masete
  - Sekretaris: Ds Maenetsa
  - Visesekretaris: Ds Mkhiza
  - Tesourier: Ds Mokoena
  - Opleidings- en ontwikkelingskoördineerder: Dr Montja
  - Skakelbeampte: Ds Tikilili
  - Administrateur: Ds Motloba



- **ONS TUIS (NPC)**

Het tans die volgende vakature:

**INGESKREWE HULPVERPLEEGSTER**

Die Raad van Ons Tuis nooi gekwalifiseerde en ervare persone om aansoek te doen vir die pos van ingeskrewe hulpverpleegster by ONS TUIS: RIVIERA in Pretoria. Die fasiliteit is 'n tehuis vir verswakte bejaardes.

**Posvereistes:**
Die suksesvolle kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:
- Die aansoeker moet by SANC geregistreer wees as 'n ingeskrewe hulpverpleegster.
- Die posisie is vir 40 ure per week. Werksure is van 07:00 tot 15:00 weekliks Maandae tot Vrydae.

**Vereiste vaardighede:**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:
- Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede.
- Ondervinding in die versorging van ouer persone.
- Die bou van professionele verhoudings met inwoners.
- Goeie organisatoriese vaardighede, tydsbestuur en oordeelsvermoë.
- Tweetalig – Afrikaans en Engels (geskrewe en gesproke).
- Vaardigheid om basiese verslae te skryf, Kardex, ens.
- Basiese rekenaarvaardighede om sigblaaie in Excel op te stel.

**Verantwoordelikhede:**
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:
- Implementering van die versorgingsplan vir die inwoners (Versorgingsplanne van inwoners verskil).
- Voorraadbeheer: Doeke, wondversorgingshouers, droë voorraad, handskoene en toiletpapier (beheer op sigblaaie) vir Ons Tuis: Riviera.
- Beheer die afhaal van staatspasiënte se kroniese medikasie van Tshwane se distriksapteek.
- Maak en reël van doktersafsprake vir afdelings – maak afsprake en reël van vervoer.
- Tydige rapportering van instandhoudingkwessies.

**Ervaring:**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende relevante ervaring beskik:
- Bystand met die implementering, instandhouding en verbetering van stelsels en prosedures.

**Kwalifikasies:**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende kwalifikasies beskik:
- Graad 12.
- Relevante kwalifikasie in verpleging.

**Vergoedingspakket:**
'n Onderhandelbare vergoedingspakket gebaseer op ondervinding en kwalifikasies.

**Sluitingsdatum: 24 Oktober 2025**

Indien jy nie terugvoering binne twee weke ontvang nie moet jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. Die maatskappy behou die reg om die pos te vul of te onttrek volgens eie diskresie.

Aansoekers wat belangstel en voel dat hulle oor die regte vaardighede beskik soos uiteengesit in die advertensie, kan gerus hul CV stuur na: **adm@otmt.org** vir aandag: Mnr GG Janse van Rensburg.

- **ONS TUIS (NPC)**

Het tans die volgende vakature:

**GEREGISTREERDE VERPLEEGSTER**

Die Raad van Ons Tuis nooi gekwalifiseerde en ervare persone om aansoek te doen vir die pos van geregistreerde verpleegster by ONS TUIS: RIVIERA in Pretoria. Die fasiliteit is ’n tehuis vir verswakte bejaardes.

**Posvereistes:**
Die suksesvolle kandidaat moet by SANC geregistreer wees as ’n geregistreerde verpleegster.

**Vereiste vaardighede:**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:
- Sterk leierskapseienskappe en moet onder druk kan funksioneer.
- Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede.
- Goeie menseverhoudings.
- Goeie organisatoriese vaardighede, tydsbestuur en oordeelsvermoë.
- Tweetalig – Afrikaans en Engels.
- Ontwerp en aanpassing van ’n versorgingsplan vir ouer persone.
- Inisiëring van infeksievoorkoming en -beheer protokol.
- Akkurate versorgingsdokumentering.
- Basiese kennis van relevante versorgingswetgewing en die *Wet op Ouer Persone 2006* (Wet 13 van 2006).
- Basiese kennis van Gesondheid en Veiligheidsaspekte en die vermoë om risiko’s te identifiseer.
- Probleemoplossingsvaardighede en oordeelsvermoë.

**Verantwoordelikhede:**
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:
- Die lewering van kwaliteitverpleging in samewerking met ’n professionele span.
- Om op te tree as ’n skofleier.
- Identifiseer, voorkom en bestuur risiko’s om die veiligheid van ons inwoners te verseker.
- Verseker ’n positiewe ondervinding vir inwoners deur ’n bevorderlike omgewing te skep.
- Verskaf akkurate en volledige rekords van alle versorgingsingryppings.
- Skep ’n leeromgewing wat bevorderlik is vir die personeel.
- Effektiewe rapportering aan die Bestuurder van die fasiliteit.
- Die hantering en behandeling van noodgevalle in die aand, om pasiënte te stabiliseer en vir verdere versorging te verwys indien nodig.

**Ervaring:**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende relevante ervaring beskik:
- Vorige ervaring by ’n tehuis vir bejaardes of versorgingsoord sal voordelig wees.

**Vergoedingspakket:**
’n Onderhandelbare vergoedingspakket gebaseer op ondervinding en kwalifikasies.

**Sluitingsdatum: 24 Oktober 2025**

Indien jy nie terugvoering binne twee weke ontvang nie moet jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. Die maatskappy behou die reg om die pos te vul of te onttrek volgens eie diskresie.

Aansoekers wat belangstel en voel dat hulle oor die regte vaardighede beskik soos uiteengesit in die advertensie, kan gerus hul CV stuur na: **adm@otmt.org** vir aandag: Mnr GG Janse van Rensburg.

- **ONS TUIS (NPC)**

Het tans die volgende vakature:

**GEREGISTREERDE VERPLEEGSTER x2**

Die Raad van Ons Tuis nooi gekwalifiseerde en ervare persone om aansoek te doen vir die pos van geregistreerde verpleegster by ONS TUIS: PIET POTGIETER in Mokopane, Limpopo. Die fasiliteit is 'n tehuis vir bejaardes wat voorsiening maak vir selfversorging en versorging van verswakte bejaardes.

**<u>Posvereistes:</u>**
Die suksesvolle kandidaat moet by SANC geregistreer wees as 'n geregistreerde verpleegster.

**<u>Vereiste vaardighede:</u>**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:

- Sterk leierskapseienskappe en moet onder druk kan funksioneer.
- Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede.
- Goeie menseverhoudings.
- Goeie organisatoriese vaardighede, tydsbestuur en oordeelsvermoë.
- Tweetalig – Afrikaans en Engels.
- Ontwerp en aanpassing van 'n versorgingsplan vir ouer persone.
- Inisiëring van infeksievoorkoming en -beheer protokol.
- Akkurate versorgingsdokumentering.
- Basiese kennis van relevante versorgingswetgewing en die *Wet op Ouer Persone 2006* (Wet 13 van 2006).
- Basiese kennis van Gesondheid en Veiligheidsaspekte en die vermoë om risiko's te identifiseer.
- Probleemoplossingsvaardighede en oordeelsvermoë.

**<u>Verantwoordelikhede:</u>**
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:

- Die lewering van kwaliteitsverpleging in samewerking met 'n multi-professionele span.
- Om op te tree as 'n skofleier.
- Identifiseer, voorkom en bestuur risiko's om die veiligheid van ons inwoners te verseker.
- Versekering 'n positiewe ondervinding vir inwoners deur 'n bevorderlike omgewing te skep.
- Verskaf akkurate en volledige rekords van alle versorgingsingryppings.
- Geregistreerde verpleegster in beheer van die inwoners se medikasie en moet verseker dat inwoners die regte medikasie ontvang.
- Skep 'n leeromgewing wat bevorderlik is vir die personeel.
- Effektiewe rapportering aan die Bestuurder van die fasiliteit.
- Die hantering en behandeling van noodgevalle in die aand, om pasiënte te stabiliseer en vir verdere versorging te verwys indien nodig.

**<u>Ervaring:</u>**
Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende relevante ervaring beskik:

- Vorige ervaring by 'n tehuis vir bejaardes of versorgingsoord sal voordelig wees.

**<u>Vergoedingspakket:</u>**
'n Onderhandelbare vergoedingspakket gebaseer op ondervinding en kwalifikasies.

**<u>Sluitingsdatum:</u> 31 Oktober 2025**

Indien jy nie terugvoering binne twee weke ontvang nie moet jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. Die maatskappy behou die reg om die pos te vul of te onttrek volgens eie diskresie.

Aansoekers wat belangstel en voel dat hulle oor die regte vaardighede beskik soos uiteengesit in die advertensie, kan gerus hul CV stuur na: **adm@otmt.org** vir aandag: Mnr GG Janse van Rensburg.

- **ONS TUIS (NPC)**

  Het tans die volgende vakature:

  **FINANSIËLE BEAMPTE**

  Die Raad van Ons Tuis nooi gekwalifiseerde en ervare persone om aansoek te doen vir die pos van finansiële beampte by ONS TUIS: PIET POTGIETER in Mokopane, Limpopo. Die fasiliteit is 'n tehuis vir bejaardes wat voorsiening maak vir selfversorging en versorging van verswakte bejaardes..

  **<u>Posvereistes:</u>**
  Die suksesvolle kandidaat sal die finansiële bestuurder van Ons Tuis NPC bystaan in take soos verwerking en probleemoplossing van verskeie rekeninge en transaksies. Hy/sy sal ook aandag skenk aan daaglikse tegniese finansiële vereistes.

  **<u>Vereiste vaardighede:</u>**
  Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:
  - Sterk leierskapseienskappe en moet onder druk kan funksioneer.
  - Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede.
  - Goeie menseverhoudings.
  - Vermoë om vertroulikheid te behou.
  - Goeie organisatoriese vaardighede, tydsbestuur en oordeelsvermoë.
  - Tweetalig – Afrikaans en Engels.
  - Probleemoplossingsvaardighede en oordeelsvermoë.

  **<u>Verantwoordelikhede:</u>**
  Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:
  - Bystand in betalings in lyn met die vereiste beheer en kontrole maatreëls.
  - Bekom van kwotasies, hantering van goedkeuring en betaalprosesse en bestuur van verskaffers.
  - Rekordhouding van die vorige maand se transaksies.
  - Verskaffing van *ad hoc*-ondersteuning aan die Finansiële Bestuurder soos benodig.
  - Sorg dat alle joernale maandeliks geprosesseer word.
  - Verseker dat akkurate maandelikse bestuursrekeninge voorberei en voorgelê word aan die onderskeie belanghebbendes asook ondersteuning met die rekeninge.
  - Maandeinde verslae.
  - Prosessering en rekonsiliëring van krediteure.
  - Prosessering en rekonsiliëring van debiteure.
  - Prosessering en rekonsiliëring van die kasboek.
  - Daaglikse opdatering van kliënte se betalings.
  - Aanspreek en oplos van kliënte se navrae.
  - Uitstuur van maandelikse state.
  - Opstel van maandelikse grootboekverslae.
  - Hantering van alle boekhouding van die fasiliteit.

  **<u>Kwalifikasies:</u>**
  Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende kwalifikasies beskik:
  - Relevante kwalifikasie in Boekhou/Rekeningkunde.
  - Finansiële ervaring van 2-5 jaar.
  - Rekenaargeletterd en kennis van gerekenariseerde boekhoupakkette en ander sagteware (MS Office, Sage One Online, Excel, Pastel Evolution, Xero)
  - Ervaring in die NWO-sektor sal voordelig wees.

  **<u>Vergoedingspakket:</u>**
  'n Onderhandelbare vergoedingspakket gebaseer op ondervinding en kwalifikasies.

**POPI**
Deur aansoek te doen vir die bogenoemde pos en deur die verskaffing van jou CV en persoonlike inligting, gee jy toestemming dat die inligting wat deur jou verskaf is vir dié doel aangewend kan word.

**Sluitingsdatum: 24 Oktober 2025**

Indien jy nie terugvoering binne twee weke ontvang nie moet jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. Die maatskappy behou die reg om die pos te vul of te onttrek volgens eie diskresie.

Aansoekers wat belangstel en voel dat hulle oor die regte vaardighede beskik soos uiteengesit in die advertensie, kan gerus hul CV stuur na: **adm@otmt.org** vir aandag: Mnr GG Janse van Rensburg.

- **Gemeente Namibkus** (wat Hentiesbaai, Swakopmund en Walvisbaai bedien) nooi ’n predikant of proponent van die Kerk om van **30 November 2025 tot 11 Januarie 2026** in die gemeente te preek en krisisgevalle te hanteer terwyl hul predikant met langverlof is. **Gratis verblyf** word verskaf vir die besoekende predikant en gesin in ’n ruim drievertrekwoonstel, en die gemeente sal ’n **reiskostebydrae** gee vir die reis na en van Namibië. Kontak **ds Leon Janse van Rensburg** so spoedig moontlik vir meer inligting by **+264 81 128 5169 of leonjvr@iway.na**.

## Vergaderings

- Donderdag 6 November: Kommissie van die AKV
- Vrydag 7 November: Kommissie van die AKV
- Saterdag 8 November: NHSV Dagbestuur

## Kerklike en ander publikasies







- In die **Oktober 2025-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** vier **ds Hannelie Botha** die Internasionale Dag van Ouer Persone met *Ons vier ons seniors in Oktober* saam met ’n aanvullende artikel vanaf Facebook *Ek word Maandag 95 jaar oud* deur **Patricia Routledge**. Die kollig in hierdie uitgawe val op drie NHSV-streekbyeenkomste wat onlangs plaasgevind het. Eerstens vertel **Annatjie Hattingh**, streekvoorsitter NHSV Wesrand-streek, van dié NHSV streek se gesellige saamkuier by Gemeente Weltevreden in Roodepoort. **Mari-lizé Beukes**, voorsitter NHSV Hoofbestuur, deel NHSV Bloemfontein-streek se inspirerende damesoggend aangebied deur Gemeente Goudveld in Welkom. **Hannetjie Jansen van Rensburg**, NHSV streekvoorsitter Hoëveld-streek, kleur hul geseënde streekbyeenkoms in te Gemeente Secunda. **Emmé van Niekerk**, benadruk die werk van ’n arbeidsterapeut met ons in deel 2 van haar reeks in *Jy kán!* **Marné Wiid**, Gemeente Paarl, skyn die kollig op hul gemeente in *Die klein wit kerkie.* **Tessa Oppermann**, Gemeente Rooihuiskraal, deel taalwenke met ons in ’n splinternuwe reeks *Praktiese Afrikaans*. Volg die skakel ***hier*** na ons NHSV-publikasies.







- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.

## Kom kyk saam

- Die **74ste Algemene Kerkvergadering (AKV)** het sitting geneem vanaf 6-10 Oktober 2024. Kyk saam hoe predikante en afgevaardigdes opgewonde is oor die toekoms van die Hervormde Kerk! Klik ***hier*** om saam te kyk.

## ’n Gedig

**Die verloop van die lewe**

Gister was die dood by ons
en ons het hom gegroet

Vanoggend ’n geboorte
wat vroeg kom inloer het

Twee uiterstes
ons gaste binne 24 uur

’n Laaste asem
het stil afskeid geneem
en ’n nuwe een
het lewe uitbasuin

**Adri Roothman**
www.maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-die-verloop-van-die-lewe/

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet.
  - 25 Oktober: Kempton Park-Oos
    Randburg

- **Gemeente Sionspoort: 4x4-uitdaging**
  **Saterdag 25 Oktober vanaf 08:00**
  Plaas Doornfontein by Rodora – 20 km vanaf Randfontein
  Deel van die *Maxxis 4x4 Series*
  Of jy nou ’n ervare 4x4-entoesias is of net nuuskierig is, daar is iets vir almal – pragtige natuur, baie aksie, groot pret, heerlike eetgoed en lekker kuier.
  Jy wil dit nie misloop nie!
  Kontak Corrie Hudson 083 327 7701 of besoek *Sionspoort 4x4* **op Facebook**.

- **Gemeente Wonderboom nooi jou uit na hul Boere-ontbyt op 25 Oktober waar daar ook ’n opwindende lootjietrekking sal wees met drie groot pryse:**
  - ’n Wegbreek by Erasmus Lodge (R4 200)
  - ’n Wegbreek by Weesgerus-vakansieoord (R3 600)
  - ’n Handgemaakte mes (R3 000)

  Jy hoef nie teenwoordig te wees om te wen nie, maar is welkom om saam te kom ontbyt eet! **Koop ’n lootjie vir slegs R100 en kies jou 1ste, 2de en 3de prysvoorkeur.** Beskikbaar hier: **https://tinyurl.com/msh3ahts**. **Navrae:** Ds Lilian Erasmus 083 255 2082.

- **Gemeente Randburg: Swaeltjiefees.** Randburg se Hervormers hou basaar op **25 Oktober** vanaf 09:30. Kom kuier saam in die teetuin. Les jou dors by die dorstuin. Vir die hongerpyne is daar lekker pannekoek, boepensbroodjies, boereworsrolle, kerrie-en-rys en tuisgemaakte lekkers. Vat sommer daarvan saam huis toe vir die aand of die volgende dag.
  **Vermaak:**
  - Kunstenaars **Gert Koevert** en **Jaco Strydom**
  - Baie speletjies met pryse vir die kinders
  - Verfbal

  Buite-uitstallers en witolifanttafel
  **Veilige parkering**

- Dit is amper weer tyd **vir Gemeente Makarios** se **jaarlikse Gholfdag** op **6 November** by **Kempton Park se gholfbaan**. Koste: R2 000 vir ’n vierbal of R500 per speler. **Borgskappe per gat** is beskikbaar teen R500 per gat. **Vir meer besonderhede of om te RSVP** kan die volgende persone gekontak word:
  - Carina Cronje 079 515 8596
  - Riaan Mong 082 337 3146
  - Ds Frikkie Viljoen 082 906 7774

- **Gholfdag in Tzaneen – moet dit nie misloop nie!** Gemeente Tzaneen nooi jou uit na hul opwindende Gholfdag op **7 November 2025** by die **Tzaneen Country Club**. Afslaan is om **11:00** en groot pryse is op die spel, insluitend ’n splinternuwe New Holland TT75-trekker met ’n putjie-kolhou! Die inskrywingsfooi van **R2 500 per 4-bal** sluit ’n ete in, en daar is ook ’n loslootjietrekking. ’n Borg per putjie kos **R5 000** en sluit ’n 4-bal in. Die formaat is *2 Ball Scramble Drive*. Betaal by **Absa**, rekeningnommer 1260 570 230, takkode 632005, met verwysing: **Naam/Gholfdag**. Vir meer inligting, kontak **Carl by 083 706 9588** of **Morne by 064 752 9483**. Kom ondersteun die Hervormde Kerk in Tzaneen en geniet ’n dag vol pret en pryse!

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van ’n heerlike harepamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir ses persone ter waarde van R16 000.


  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.
  - Jy kan ook via WhatsApp jou kaartjie by 072 636 8001 (Susan) bestel. Jy sal ’n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

  Bankbesonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, rekeningnommer 033358346, takkode 052752.

  Die trekking vind op **30 November** plaas!




## Toerusting




- **Help ons om die Kerk se stem sterker te laat klink!** Is jy passievol daaroor om die sigbaarheid van die NHKA in die samelewing te versterk? Ons nooi jou uit om deel te wees van 'n opwindende geleentheid om die Kerk se digitale teenwoordigheid te help vorm.

  Ná waardevolle terugvoer van Hervormde teologiestudente oor ons sosialemediaplatforms (Facebook, YouTube, Instagram en LinkedIn), het ons reeds betekenisvolle verbeterings begin aanbring. Nou wil ons graag ook predikante betrek om hul unieke perspektiewe te deel. Geen voorbereiding is nodig nie – net jou tyd en insig tydens 'n informele aanlyn gesprek. Jou deelname sal ons help om die Kerk se boodskap meer relevant en toeganklik te maak vir almal.

  **Datum van aanlyn gesprek:** 6 November 2025.
  **Hoe om deel te neem:** Stuur jou volle naam en van, ouderdom, woonbuurt en gemeentenaam aan **ds Iwana Kruger** by **079 848 4865** of per e-pos na **goeienuus@nhk.co.za**.

  Verdere besonderhede sal in die komende maand gedeel word. Ons sien uit daarna om saam met jou te werk aan 'n sterker digitale teenwoordigheid vir die NHKA!

- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die HTK het 'n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om Nicea op hul eie manier te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is 'n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde advertensie in *Blitspos* dop om op die hoogte te bly.

## Studentesake

- **NHSV Studieleningsfonds 2026**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm vir 2026 kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2026.**




## Barmhartigheid

- **NHSV Dagbestuursvergadering** vind **Saterdag 8 November** plaas**.**

- Jaarliks word die **NHSV Takjaarverslae** deur die vrouelidmate ingevul aangaande hul werksaamhede binne gemeentes asook in die gemeenskap. Dit voorsien die NHSV Hoofbestuur van baie nuttige inligting om verdere beplanning te doen na aanleiding van vrouelidmate se behoeftes. Ons is dankbaar vir al die inligting en terugvoer.

  Tydens vanjaar se NHSV-streekkongresse is ons opnuut herinner aan al die terreine waarby die NHSV Hoofbestuur en daarmee saam alle vrouelidmate in die Nederduitsch Hervormde Kerk betrokke is. Daar is soveel geleenthede waar ons 'n verskil kan maak en ons NHSV leuse *Wees 'n seën* ten volle kan uitleef en toepas in ons betrokkenheid op vele terreine in die kerk. Inderdaad 'n voorreg, waar elkeen 'n verskil kan maak.

  Vanjaar se verslag is kort en kragtig om die invul te vergemaklik. Ons versoek elke gemeente se vrouelidmate om die verslag te voltooi, selfs al is daar nie 'n aktiewe NHSV-tak nie. Daar is talle gemeentes wat baie moeite doen met Vrouebediening en ons neem graag kennis van al die inisiatiewe landswyd. Só leer ons by mekaar en die idees en temas kan weer ander vrouelidmate se beplanning aanvul.

  NHSV Takjaarverslae is saam met NHSV Omsendbrief 2/2025 uitgestuur – dit is ook beskikbaar op die NHSV se webblad by **https://nhsv.org.za/omsendskrywes/**. Die **sluitingsdatum** vir die instuur van die verslae na die verskillende streekvoorsitters, is **30 November 2025**. Byvoorbaat dankie vir almal se inligting! Voltooide verslae kan ook gestuur word na **admin@nhsv.org.za** – Rozelda Nel by die NHSV-kantoor sal seker maak dit word aangestuur na die regte streekvoorsitter.

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in 'n rustige omgewing naby 'n winkelsentrum en kliniek.
  - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
  - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
  - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel **suster Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000
  - 1½-slaapkamer te huur teen R6 800 maandeliks

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

**’n Gebed vir rus**

Hemelse Vader,
in ’n wêreld waar dit opgehemel word om besig te wees,
is dit maklik om tyd te verspil op dinge wat nie saak maak nie.
As ek nie versigtig is nie, kan ek afgestomp raak of myself
uitbrand omdat ek nie genoeg ruimte laat om elke dag
in u teenwoordigheid rus te vind nie.
Ek het u hulp nodig om my denke en lewe te verander.
Ek het u hulp nodig om tyd te maak om te rus.
Help my om U elke dag op te soek.
Ek wil net by U wees.
In die Naam van Jesus,

Amen.

*www.blog.youversion.com/af_ZA/2021/04/vyf-gebede-om-geestelike-te-groei/*



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger